

## Memorandum: 2 Junie 2020

- 3.1 Stelsin. 'n Stelling word gemaak.
- 3.2
  - 3.2.1 Bywoord van wyse
  - 3.2.2 Byvoeglike naamwoord
  - 3.2.3 Abstrakte selfstandige naamwoord.
- 3.3 Byvoeglike bysin
- 3.4 Nols val SOOS 'n VROT PAMPOEN neer.
- 3.5.
  - 3.5.1 gehaat
  - 3.5.2 Prins
  - 3.5.3 Nols
- 3.6 bywoordelike bepaling
- 3.7 Hy skiet met 'n pyl en boog.
- 3.8 skielik.
- 3.9 onverskillig; onbedagsaam.
- 3.10 Hy het die hond se siel uitgetrek.
- 3.11 knape / selfsugtige
- 3.12 hoop.

## Literatuurstudie: 3 Junie 2020

### Ek het 'n huisie by die see

- A 1 Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
  - 2 Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
  - 3 teenaan die rots waarop my huisie staan
  - 4 met al die oseaan se woeste krag.
  
- B 5 Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
  - 6 soos van verlore siele in hul nood
  - 7 al dwalend, klagend, wat in graf en dood
  - 8 geen rus kon vind nie, maar nog seek en smag.
  
- C 9 My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
  - 10 Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite
  - 11 ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
  - 12 hierbinne is dit veilig, warm en dig.
  
- D 13 Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
  - 14 dit is 'n rots waarop my huisie staan.

- 4.1 Benoem strofe A se rympatroom.
- 4.2 Omkring slegs die letter van die korrekte antwoord.

“Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan,” is 'n voorbeeld van:

- A. Alliterasie
- B. Gebroke rym
- C. Assonansie
- D. Enjambement

- 4.3 Strofe D bestaan uit slegs twee (2) versreëls. Wat word so 'n strofe genoem?
- 4.4 Skryf versreël 8 neer en onderstreep die alliterasie.
- 4.5 Van watter tipe verteller maak die digter gebruik? Gee 'n rede vir jou antwoord.
- 4.6 Benoem die onderstreepte voorbeeld van beeldspraak:

Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag  
soos van verlore siele in hul nood

- 4.7 Gedurende watter tyd vind die gebeure plaas?
- 4.8 Waar speel die gebeure af?
- 4.9 Skryf 'n voorbeeld van personifikasie in strofe B neer.